# TOM NEWBY SCHOOL EKSAMEN

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans Vraestel** | **Eksaminatrise** | **Mev Pienaar** |
| **Datum** | **20 November 2017** | **Totaal** | **Taal: 15 Leesbegrip: 25** |
| **Sessie** | **1** | **Tyd** | **1 uur** |
| **Graad** | **6** | **Moderator** | **Mev Fourie** |
| **Spesiale Instuksies** | **Mag NIE woordeboeke gebruik NIE.** | | |

| | | |
|---|---|---|
| Naam: | Surname: | Klas: |

**<u>Die Wêreld van Geld.</u>**

**<u>Afdeling A – Leesbegrip - Tefo, die Sokkerheld</u>** **[10]**

***<u>Tefo, die sokkerheld</u>***

1. Tefo Masimini het altyd daarvan gedroom om ‘n sokkerheld te word. Hy wou egter nie leer nie en daarom kon hy nie goed lees nie. Al wat hy wou doen, is om sokker te speel. Elke dag. Die hele dag.
2. Tefo het goed sokker gespeel, so goed dat hy ‘n kontrak gekry het om vir Bafana Bafana te speel. Hy het ook ‘n bestuurder gehad, Sipho, wat al sy kontrakte vir hom moes lees.
3. Hy het baie geld verdien en het ‘n peperduur huis en luukse motors gekoop. Hy het goed geleef, mooi klere gedra en vrolike partytjies gehou.




4. Hy het min vir sy ma in die Kwêla Township gaan kuier. As hy daar was, het hy nooit die mense in die straat gegroet nie. Hy het gedink hy is beter as al die ander mense.
5. Wat Tefo nie geweet het nie, was dat Sipho, sy bestuurder, nie ‘n goeie man was nie. Hy het Tefo se geld gesteel. Eendag toe Tefo sy oë uitvee, was daar niks van sy geld oor nie. Hy moes alles verkoop en by sy ma in ‘n klein huisie in Kwêla gaan bly. Van die mense het gesê “Wuye?” (Dit is hy?). Ander het gefluister “Asiwuye” (Dit is nie hy nie).
6. Die gemeenskap van Kwêla was geskok toe hulle sien dat hy al sy goed, wat hy nie meer nodig het nie, in die straat verkoop. Selfs ‘n strykyster, broodrooster en ketel.

7. Tefo is vandag ‘n baie arm man, maar hy het ‘n groot les geleer. Wanneer hy in die strate van Kwêla loop, sal jy hom duidelik en met al die respek in die wêreld, hoor sê “Dumelang ba golo” (Wees gegroet, my meerderes!)

8. Vandag weet Tefo dat hy nie beter is as ander mense nie. Hy weet nou ook hoe belangrik dit is om hard op skool te leer.

*Bron: Piekfyn Graad 6*

*Woorde: 315*

Lees die storie en beantwoord die vrae.

1.1. Wie is die hoofkarakter? (1)

________________________________________________

1.2. Waar het Tefo se ma gewoon? (1)

________________________________________________

1.3. Watter sport speel Tefo? (1)

________________________________________________

1.4. ‘Luukse Motors’ in paragraaf 3 beteken dat die motors nie goedkoop is nie. Watter een van die motors sal ‘n luukse motor wees? Onderstreep die regte antwoord.

(1)

a) BMW
b) VW
c) Tata
d) Toyota

1.5. Hoe het jy gevoel nadat jy die storie gelees het? Hoekom? (2)

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

1.6. Watter les kan jy van die Tefo storie leer? (1)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

1.7. Hoe het Tefo al sy geld verloor? (1)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

1.8. Waar of onwaar.

a) Tefo het nie baie hard by die skool gewerk nie.______________________ (1)

b) Die gemeenskap was geskok toe Tefo al sy goed op straat verkoop.

_________________________ (1)

**Besigheid is Besigheid** **[6]**

Kyk na die strokiesprent, 'Besigheid is Besigheid' en beantwoord daarna die vrae.




| WOORDBOKS | |
|---|---|
| bedelaar | Begger |
| raampie | frame |

1.9. Noem twee dinge waarvoor die bedelaar geld nodig het. (2)

____________________________________________________________

____________________________________________________________

1.10. Waar speel die strokiesprent af? Onderstreep die regte antwoord. (1)

a) by die supermark

b) by die verkeerslig

c) in die klaskamer

d) in die tuin

1.11. Hoe voel die man in raampie drie wanneer hy met die bedelaar praat? (1)

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

1.12. Dink jy dat dit beter is as die bedelaar vir R1, of R100 vra? Motiveer jou antwoord. (2)

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

## ***Die Ontstaan van Facebook***

1. In Februarie 2004, het Mark Zuckerberg (‘n 19-jarige student aan Harvard Universiteit),‘n webdiens begin, in sy koshuiskamer. Hy het dit facebook.com genoem. Dit het begin as ‘n sosiale netwerk vir studente van verskillende Kolleges.

2. Die doel was om mense te help om in kontak met vriende te bly. Facebook is later gebruik om nuwe vriende te help maak en dagboek te hou. Daar is nou selfs aanlynaktiwiteite soos die aanhou van virtuele troeteldiere en verskeie ander virtuele speletjies.

3. Mense wat te besig is, of te skaam is om ou vriende te bel om te hoor hoe dit gaan, doen dit maklik op Facebook. Hulle ontmoet selfs nuwe vriende van regoor die

wêreld. Facebook jaag eensaamheid onmiddellik weg. Jou "vriende" is net so ver soos die druk van 'n knoppie.

*Bron:Piekfyn Graad 6*

*Woorde: 131*



Figuur 1: Mark Zuckerberg




Figuur 2: Aanlyn aktiwiteite soos Farmville



Figuur 3: Die doel van Facebook

| **WOORDBOKS** | |
|---|---|
| webdiens – internet service | aanlynaktiwiteite – online activities |
| koshuiskamer – hostel room | eensaamheid - loneliness |

**Die Ontstaan van Facebook** **[9]**

Lees die storie en beantwoord die vrae.

1.13. Wie het Facebook begin? (1)

______________________________________________

1.14. Waarom het hy dit begin? (1)

______________________________________________

1.15. Noem een voorbeeld van enige aanlyn aktiwiteit wat jy gebruik. (1)

______________________________________________

1.16. Kies en onderstreep die regte woord tussen hakies om die sinne waar te maak.

a) Mark Zuckerberg was 'n (student / onderwyser / besigheidsman) toe hy Facebook begin het? (1)

b) Om Facebook te gebruik moet jy (aanlyn / aflyn) wees? (1)

1.17. Noem twee voorbeelde wanneer Facebook mense help om mense in kontak te bly. (2)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

1.18. Het jy al Facebook gebruik? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**Totaal Afdeling A: 25**

**Afdeling B – Taalleer** uit 'Tefo die sokkerheld'. **[15]**

2a) In paragraaf 3 is daar 'n voorbeeld van **intensiewe** vorm. Skryf dit neer.

______________________________________________________________________ (1)

2b) Verdeel die volgende woorde in **lettergrepe**.

a) sokkerheld (par 1) ______________________________________________

b) bestuurder (par 2 ) ______________________________________________ (2)

c) Skryf die volgende sin oor in die **verlede tyd**. (1)

Tefo koop 'n luukse motor vir sy beste vriend Sipho.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

d) Skryf die volgende sin oor in die toekomende tyd. (1)

Sy ma het hom na 'n goeie skool gestuur.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

e) Onderstreep die sin wat korrek in die **direkte rede** geskryf is. (1)

i. "Jy het al my geld gesteel sê Tefo vir Sipho."

ii. Tefo het vir Sipho gesê dat hy al sy geld gesteel het.

iii. "Jy het al my geld gesteel," sê Tefo vir Sipho.

2c) Skryf die volgende sinne in die regte volgorde. (Gebruik STOMPI om jou te help). (2)

i

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Verkoop | Tefo | sy | het | al | goed |

______________________________________________

______________________________________________

ii

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| partytjies | altyd | Tefo | het | groot | vriende | sy | vir | gehou |

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

2d) Skryf die sin oor met die regte **leestekens**. (2)

i. tefo het sy strykster vir mnr. pieter de villiers verkoop.

______________________________________________

______________________________________________

2e) Broodrooster in paragraaf 6 is 'n ______________________________

(Onderstreep die korrekte antwoord)

a) werkwoord

b) voegwoord

c) selfstandige naamwoord

d) bywoord (1)

2f) Verbind die sinne met die **voegwoord** tussen hakies. (2)

i. Tefo het sy geld nie goed spandeer nie. Hy het sonder geld beland. (en)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

ii. Facebook was begin. Mense kan nuwe vriende maak. (sodat)

______________________________________________

______________________________________________

2g) Onderstreep die korrekte antwoord tussen hakies om die sin **waar** te maak. (2)

i. Tefo was (gelukkig/ongelukkig) by die einde van die storie.

ii. Tefo kan vriende (op/aan/onder/van) Facebook maak.

**Totaal Afdeling B: 15**

**Groottotaal: 40**